

15 Oktober

Skrifgedeelte: Numeri 11:10-17, 24-30
Fokusgedeelte: Numeri 11:17, 29

Gedeelde toerusting bring gedeelde las

Moses het swaar aan die las gedra. 'n Gemeente van 600 000 wat nog soos babas versorg moet word, is te veel vir enige mens, selfs vir Moses wat met God se Gees toegerus was. Hy hét sy bes probeer, en op advies van sy skoonpa Jetro leiers aangestel om hom te help (Eks. 18). Maar die gemeente het klaagsiek gebly ten spyte van dié gawe van goeie administrasie.

Moses bekla toe sy lot by die HERE. Hy ervaar dat die HERE hom onbillik behandel. Dis tog die HERE se volk wat Hy in die wêreld gebring het en nou moet Moses vir hulle sorg. Dis mos nie reg nie? Ja, dit gebeur maklik dat ons kla as die taak wat ons van die HERE ontvang, vir ons te swaar word. Moenie huiwer om openhartig met die HERE te wees nie. Hy weet buitendien hoe jy voel.

Toe leer die HERE vir Moses wat die werklike oplossing vir die probleem is. Een mens kan nie die volle krag van God se Gees tot sy reg laat kom nie, en goeie administrasie op sigself is ook nie die oplossing nie. God se Gees moet in al die leiers wees en die gawe van profesie (onderrig in God se woorde) is veral nodig. En so gebeur dit toe dat Moses en die 70 leiers daar rondom “die tent van ontmoeting” ’n besondere ontmoeting met die HERE se Gees beleef. Moses moes leer dat God ook ander toerus om die las te help dra.

En: Hy het goed verstaan wat die HERE vir hom wys. Toe die jongman kom vertel van Eldad en Medad wat selfs in die kamp profeteer, was hy dadelik reg met die vergesig-antwoord: *“Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat sy Gees op almal mag lê”* (vs 29). Hierdie Pinksterdroom van Moses het wel ’n lang tyd geneem om waar te word (Hand. 2), maar vandag kan ons dit saam met hom uitjubel.

Wanneer almal in die gemeente deur die krag van God se Gees hulle deel doen vir die uitdra van die evangelie en die versorging van God se gemeente, het ons ’n nuwe gemeente vir wie die las van Jesus lig en sy juk sag is (Matt. 11:29).

Sing: Skrifberyming 17-2:5-8 (SB 18)

Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)